DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

IS JY OOK KWESBAAR?

In die dinamiese omgewing waarin ons vandag leef word ons daagliks gekonfronteer met baie uitdagings en vereistes wat aan ons gestel word. As jongmens het jy so baie ideale en behoeftes. Jy besef dat jy sonder kennis, vaardighede en die nodige middele nie ver kom nie. Jy is so kwesbaar op hierdie ouderdom. Die pad na kennis lei met trappe op. Sommige trappe is steil en nou, ander breër en gemakliker. Die feit bly staan dat kennis deur ‘n leerproses bekom moet word. Dit is ‘n unieke voorreg. Ons wil almal die hoogste sport bereik en ‘n sukses van die lewe maak.

Die mens word egter gou gekwets. Een enkele oomblik, besluit of situasie kan die gang van gebeure, die toekoms of selfs die lewe totaal en verander. Oor sommige situasies is daar beheer en kontrole; oor ander min of geen.
Aan die eenkant is dit ons kwesbaarheid wat ons tot afhanklikheid van God dwing en aan die ander kant lei dit ons om verkeerde besluite te neem en dit kan ingrypende gevolge hê op ons verhouding met God. In die breë sin is ons aantasbaar teen woorde en dade wat kwets, voordurende kritiek en aanvalle wat die moraal ondermyn en enige poging om positief te dink of die toekoms positief te benader strem.

Waar bring dit ons alles? Weer eens by die bewuswording dat God ons leer en lei en dat Hy ons bewaar in die tye van ons jeug. Mag Hy ons minder kwesbaar maak en ons panser teen die lewe. Mag ons almal hiervoor bid.

Esther Kuyvenhoven

INHOUD

Uit die Woord	Vry van die wet	Maarten Raimond	2
Oppad	Jongmense en hul taalgebruik	Riekert van Lith	3
	Stres, die euwel van ons tyd.	Johan Moes	4
	Fliek, fliek, fliek !?	Justus Meijer	6
	Dankie Here dat ek beter as CSV-lede is	Sonja van der Linden	7
	Die letter van die wet in die moslem se lewe	Corine Moes	8
Voel jy ook so?	Lewenskeuse	Iemke Buenk	9
	My masker, my skuiling	Henk Bijker	10
	Christus se kerk in Afrika	Andreas Boon en Marieke de Wit	11
Pretoria	Interessante ervarings in Israel	Gerrit Zielman	12
Rehobot	Deur die Sleutelgat		14
	Onderhoud met Dirk Boon		15
Maranata	Die P-ete		15
Johannesburg	Gedigte		16
Verjaarsdae			16

VRY VAN DIE WET

Maarten Raimond

Daar is baie tekste in die Bybel wat sê dat ons vry van die wet is. (Bv. Gal.5:18)
Maar beteken dit dat ons nou sonder die wet kan klaarkom ?
Het die wet dan, na Christus se offer aan die kruis geen betekenis meer vir ons nie ?
Kan ons die voorlesing van die wet in ons eredienste dan maar afskaf ?

Verbondssluiting by die berg Sinaï
Om 'n antwoord op daardie vraag te kan gee moet ons eers sien wat dit beteken om "vry van die wet" te wees. En daarvoor moet ons teruggaan na die berg Sinaï waar die Here vir sy volk die wet gegee het. As jy Exodus 19 en 20 lees kom jy onder die indruk van God se heiligheid en majesteit. Die Here sluit daar 'n verbond met sy volk en gee aan die volk sy voorskrifte hoe hulle met Hom moet saamlewe. Daar gee die Here ook voorskrifte vir die offers. As hulle een van die gebooie oortree kon hulle om vergewing vra deur 'n offer te bring.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Johan Moes
Lede: Rinus Kamphuis
Andreas Boon
Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@getafix.ef.techpta.ac.za)
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lede: Annemarie de Vente
Anneke de Jager

Kaapstad:
Artikelversorging: Erik van Alten
(luctor@mweb.co.za)
Margreet Moes
Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond
Bladuitleg: Maartje Eefting

Johannesburg:
Redaktrise: Esther Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)
Lede: Wolter Bijker
Marie-Louise Kuyvenhoven

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://members.tripod.com/~dieolielamp/

Koste: R35 per jaar

Wettisisme
Maar toe het die Israeliete begin dink dat hulle God **tevrede kon stel** deur offers te bring.Hulle het vergeet dat as hulle God se gebooie oortree het, die Here hulle uit genade hul sondes vergewe. Deur die profete het God aan die volk geleer dat Hy op daardie manier nie hulle offers wil hê nie. "*Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God, meer as in brandoffers."* (Hosea 6:6)
In die NT het Paulus (veral in Galasiërs en Romeine) teen dieselfde verkeerde gedagte ingegaan. Die Judaïste het geleer dat jy ook as bekeerde christen jou nog altyd moet laat besny en al die voorskrifte van die Joodse volk moes hou. En die gedagte daaragter was dat jy **self deur die wet te hou, regverdig voor God kan wees, en vryspraak sal ontvang.** Paulus toon oortuigend aan dat geen mens die wet volmaak kan hou, soos God dit wil hê nie.
Dit het Christus **vir ons** gedoen deur heeltemal volmaak God se wet te hou.
Vry van die wet wees beteken dus dat jy vryspraak ontvang **as jy glo in die versoening deur die dood van Christus aan die kruis**, en nie op grond van jou eie verdienste nie.

Wat beteken die wet dan vir ons vandag
Het die wet dan vandag geen betekenis vir ons nie ?
Die Here Jesus gee self 'n duidelike antwoord op daardie vraag toe hy gesê het :"*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." (Matt. 5:17)*
En dan begin Hy om daardie wet uit die Ou Testament te verduidelik, wat die bedoeling van



die wet is, en dat jy nie daarmee kan volstaan om net die letter van die wet te hou nie. Maar eers as Jesus die samevatting van die wet gee, verstaan ons dat dit nog altyd vandag vir ons geld :*"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. En die tweede gebod wat hiermee gelykstaan : jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."* (Matt.22:37-39)

Boeke gebruik:
Voorskrif vir vryheid - Johan Cilliers
De brief aan de Galaten - door Ds. M.J.C. Blok
Die Brief aan die Galasiërs - Dr. B.C. Lategan

Oppad

JONGMENSE EN HUL TAALGEBRUIK

Riekert van Lith

'n Paar weke gelede kyk ek en 'n paar vriende na 'n film, en na die tyd word die aanmerking gemaak: " daar was nie eens een vloekwoord in die hele fliek nie." Dit was met verbasing gesê; 'n film sonder vloekwoorde!!

Dit het my laat dink, dit is uiters swak dat vloekwoorde vir ons so alledaags geword het dat dit'n verbasing was dat daar nog films sonder vuil taal gemaak word. Ook om die naam van die Here ydellik te gebruik het vir ons amper normaal geword om te hoor. Wie van ons sê nog iets daaroor as ons die gebruik daarvan hoor? Hoe kan 'n sonde wat in die Ou Testament met die dood gestraf is vir ons nou amper normaal wees om te hoor? (Levitikus 24: 15,16) - " as hy die NAAM laster, moet hy gedood word.

So 'n groot God se naam moet geprys word, soos Hanna dit doen in 1 Sam. 2: 1 – 10, dit moet nie gelaster word nie

Ons laat onsself beter voel deur ons vriende tereg te wys as hulle dit doen maar dit raak bietjie moeliker om iemand daarop te wys wat ons nie ken nie of iemand wat ouer is as ons. Deur ons lewenshouding kan ons ook mense teregwys en kan ons moeilik 'n voorbeeld stel as ons net mense toelaat wat hulle wil sê. As ons stil bly is dit so goed as om ons goedkeuring daaraan te gee. Ook maak ons onsself skuldig aan die sonde (Spr.29: 24) …..hy hoor die beswering, maar openbaar niks nie.

So 'n groot God se naam moet geprys word, soos Hanna dit doen in 1 Sam. 2: 1 – 10, dit moet nie gelaster word nie. Dus moet daar nie twee keer gedink word voordat daar vir die naam van die Here opgestaan word nie, as jy stil bly is dit nie net sy sonde meer nie maar joune ook en dit sal gestraf word.

"Niemand is heilig soos die HERE nie; ja, daar is niemand buiten U "
(1 Sam. 2:2)

STRES: DIE EUWEL VAN ONS TYD

Johan Moes

Daar is niemand in hierdie gejaagde lewe wat kan sê dat stres nie in sy/haar lewe voorkom nie. Stres beskadig ons liggaam en gees en is verantwoordelik vir meer as 80% van alle gesondheidsprobleme, maar hierdie feit word grootliks verontagsaam. Dit is dus belangrik dat elke mens bewus is van die oorsake, gevolge en voorkoming van stres. Deur stres kan jy jou werk verloor, kan jy jou familie of vriende verloor, dit kan jou siek maak en in die ergste geval kan dit jou dood veroorsaak.



Wat veroorsaak stres:
Is dit finansiële probleme? Is dit probleme by die huis? Is dit om baie te doen in ‘n tekort tyd ? Werks druk? ‘n Lewe in angs? Die antwoord is JA! Sorge bou innerlike spannings op. Geluid, lig en lugbesoedeling is faktore wat moeilik beheerbaar is, maar hierdie faktore veroorsaak ook stres sonder dat ons daarvan bewus is. Voeg hierby nog die kommunikasiestraling wat opgevang word deur jou TV, radio en selfoon, wat ons omring. ‘n Mens kan dus ‘n sorgelose lewe hê, maar nog steeds stres ondervind in jou lewe.

Hoe affekteer dit jou:
Al hierdie straling (hierbo genoem) kaats nie van jou liggaam af weg nie. Hierdie straling kom jou liggaam binne deur jou sintuie, soos jou ore en oë en ondanks dat hulle in jou onderbewussyn bly, veroorsaak dit elektriese inpulse in jou liggaam. Vrese/angste en probleme veroorsaak dat jou liggaam adrenalien afskei. Adrenalien het ‘n direkte effek op jou spiere; dit laat hulle saam trek. Adrenalien kom in baie organe van jou liggaam voor, waar dit gevolglik ‘n reaksie ontlok. Jou hart, longe, brein, spiere en ander sisteme moet nou harder werk. Adrenalien beskadig jou “elektriese sisteem”. Dit beskadig die senuwee-eindpunte op jou organe wat al die elektriese impulse moet ontvang.

Wat is die simptome van adrenalienbeskadiging of stres?
Kom ons begin bo: Jou konsentrasie en geheue sal verswak. Jy sal hoofpyne hê, duiselig voel en baie wakker word in die nag of wakker word en sukkel om weer aan die slaap te val. Jy sal ook baie moeg voel, ‘n stywe seer nek, seer gewrigte, lae rug en skouers hê. Soms sal ‘n mens ‘n benouende gevoel in jou keel of bors ondervind. Jou maag kan opgeswel voel of selfs kramp wat kan lei tot diarree. Ander simptome is ‘n geruis in jou ore, stippeltjies voor jou oë sien, geïrriteerd voel, huilbuie hê en voel of daar spelde in jou hande en voete druk. Jou hande en voete kan ook geswel, koud of blou wees. Daar is nog baie ander simptome wat ons nie nou wil noem nie.

Hoekom affekteer stres die een persoon meer as die ander een?

‘n Gesonde, fikse sportman kan met ‘n sensitiewe vel gebore word wat baie gou blasé kan brand in die son; netso kan enige mens met ‘n sensitiewe elektriese sisteem gebore word, sodat die geringste voorval van adrenalien vrystelling, veroorsaak deur sy omgewing, byvoorbeeld geraas of die stralinge van selfone, sy elektriese sisteem beskadig. Dit is dus nie die “sissie” of swakkeling wat die eerste aan stres ly nie, maar eerder die intelligente, perfeksionis of mense met sagte persoonlikhede wat gebore is met ‘n teer elektriese sisteem. Om die waarheid te vertel: ons ly almal daaraan; die een net meer as die ander.

Waarom het streslyers baie keer verskillende klagtes?
‘n Ketting is so sterk soos sy swakste skakel. As die hele ketting swak is, is daar nog steeds ‘n skakel wat swakker is as die ander een. As jy die ketting onder spanning sit sal die hele ketting nie disintegreer nie, maar dit sal breek by sy swakste punt. Dit is ook die rede waarom verskillende streslyers verskillende tipe probleme het, byvoorbeeld hoofpyne, slapeloosheid, asma, hartprobleme of aggressiewe gedrag.

Wat kan ons doen teen stres?
As jy ‘n sensitiewe vel het bly jy uit die son of jy gebruik sonbrandolie. Met stres is dit ongelukkig nie so eenvoudig nie. Dit is amper onmoontlik om veranderinge in ons lewe aan te bring wat ons sal afsluit van ons leefomgewing. Ons kan nie net sê: “Stop hierdie wêreld want ons wil afklim” nie. ‘n Mens kan na die platteland toe gaan, jou werk verander en jou persoonlike sowel as jou finansiële probleme uitsorteer. Moenie jouself

doodmaak deur aan die materiële vas te klou nie. Sit bakens vir jouself uit, want geen atleet hardloop om ‘n baan as hy nie weet hoeveel rondtes hy moet hardloop nie. Sit bakens uit waarna jy kan uitsien, vir die middag as jy by die huis kom na ‘n dag se harde werk, vir die naweek of die volgende vakansie. Kom uit die groef waarin jy lewe.

Dit is nie altyd nodig vir ‘n mens om te gesels nie, om dinge te deel of om mekaar te verstaan nie, maar dit is wel iets wat verwaarloos word in die “rat-race”van ons lewe, asook omdat daar so baie tyd voor die TV gespandeer word.

Daar is ‘n snaakse tendens in ons samelewing: as jy werk gee vir ‘n besige mens kan jy seker wees dit word gedoen. Die probleem is die werker is meestal die sensitiewe perfeksionis wat gebore is met ‘n sensitiewe elektriese sisteem. Die werkgewers moet besef dat daar ‘n beperking is op die hoeveelheid werk wat ‘n mens kan doen en as die werkgewer nog ‘n bietjie meer forseer sal dit op die einde foute, siek verlof en geweld veroorsaak. Firmas sal hulle produktiwiteit verbeter as hulle stres verstaan en werknemers moet leer om nee te kan sê. Ongelukkig is besluiteloosheid deel van die stressindroom, sodat die veranderinge makliker gesê as gedoen is.

Nog ‘n manier om stres in jou lewe te verminder is om minder kaffiëne in te neem; dus minder koffie, tee en Cola te drink en te stop met rook. Hierdie middels verhoog net jou adrenalienafskeiding. Om ‘n mens se slegte gewoontes oornag uit te sorteer veroorsaak op sy beurt ook stres. Daarom behoort dit geleidelik gedoen te word. Teveel suiker en stysel veroorsaak ook stres. Piesangs en warm melk is ‘n goeie medisyne teen stres. Dit bevat ‘n stof met die naam tryptophan wat ‘n aminosuur is.

Die vrystelling van adrenalien in ‘n mens se liggaam veroorsaak dat meer brandstowwe in ‘n mens se bloedstroom beland as wat baie keer nodig is. Daaglikse oefening kan hierdie oortollige energie verbrand. Oefening sal ook help om ‘n natuurlike beskermings chemikalië in jou liggaam vry te stel, naamlik opium. Opium laat ‘n mens gelukkig voel, dit beskerm ‘n mens teen adrenalienbeskadiging en dit dien as ‘n natuurlike pynstiller. As ‘n mens dus baie pynstillers sal inneem sal ‘n mens hierdie natuurlike vrystelling van opium verswak. Neem nie meer as 6 pynstillers per week in nie, tensy jy baie pyn het as gevolg van ‘n besering of ongeluk.

Mooi musiek (dus nie die wat ‘n mens se gehoor beskadig nie), ander vorme van ontspanning en vir die wat so gelukkig is om ‘n gesonde, gelukkige relasie met ‘n vriend of vriendin te hê, dit stel ook natuurlike opium in die liggaam vry.

Vir ons as gemeente van Christus is daar nog ‘n ander groot hulp teen stres. Ons kan met al ons probleme na ons Hemelse Vader gaan. Ons is op pad na die Ewige Fees, waar daar geen moeite of verdriet meer sal wees nie. Paulus sê hy ag dit louter vreugde om deur al die pyn en lyding te gaan vir die naam van Christus.

Christus self waarsku ons teen die sorge in die lewe deur die gelykenis wat hy vertel in Lukas 8:14. Die mense het die geloof in God verloor omdat hulle verstik geraak het in die sorge van die lewe. Lees ook Lukas 21:34. Die Here beloof ook in Ps 55:23: “Werp jou sorge op die Here, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.” Ook in Matt 6:25 en 31-34 lees ons: ” Moenie julle kwel oor julle lewe - wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor julle ligaame - wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel nie en die liggaam nie meer as die klere nie? Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie ? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koningkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.” Waar ons skat is, daar sal ons hart ook wees. As ons skat dus die aardse dinge is wat deur mot en roes verniel word, sal daar altyd sorge wees in ons lewe. Oor bekommernisse sê die Bybel die volgende: “Bekommernisse in die hart van ‘n mens druk dit neer, maar ‘n vriendelike woord vrolik dit op.” en “Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.”

Terwyl ‘n mens slaap kry ‘n mens se liggaam tyd om die afbraak, wat sy omgewing aangerig het, te herstel. Herstel in die liggaam word verrig deurdat bestaande selle verdeel en dan groei tot die oorspronklike selgrootte. Meer energie kan vir hierdie doel aangewend word as ‘n mens

slaap. Die ure benodig hiervoor verskil van persoon tot persoon, maar ‘n minimum van 7 ure slaap word aanbeveel.

Baie min mense wil medisyne gebruik vir stres. Om medisyne in te neem vir stres is vir baie mense ‘n teken van hulle tekortkomminge om by te kan bly en ander is bang dat hulle daaraan verslaaf sal raak. Mense sal liewer medisyne inneem vir hoofpyne, toe neuse, hoë of lae bloeddruk, asma, cholesterol of baie ander kwale wat stresverwant is, as wat hulle die kernprobleem sal aanspreek. Ons samelewing het ‘n stresvolle leefomgewing gekrieër, maar met God se hulp het ons ook maniere gevind om die probleem heeltemal of gedeeltelik op te los.

Leer jou ligaam ken, sy behoeftes en leer ook jou geestelike limite ken. Aanvaar hierdie limiete en ploeg en delf met die 5, 2 of 1 talent(e) wat God aan jou gegee het.

FLIEK, FLIEK, FLIEK !?

Artikel uit die Wapenrusting (Jaargang 1 nr. 7, 1984) Justus Meijer

Die meeste van ons sal, noudat hulle die opskrif gelees het, nie meer belangstel nie. Tereg, die onderwerp is lankal holrug gery en taai gekou. Ek wil egter mooi vra; lees gerus verder. Dit sal miskien 10minute neem. Indien jy reeds op hoogte was met alles wat ek nou gaan skryf is dit nog geen vermorsing van tyd nie, want dan word alles weer ‘n slag ingeprent. (Dis goed om jou geheue so nou en dan te verfris!) Indien jy egter nie alles weet nie, hoop ek dat jy hieruit iets kan leer, en dan was my en jou tyd nie verkwis nie.

Hierdie artikel is miskien al bietjie oud, veral as mens kyk na die voorbeelde wat daarin gebruik word. Tog kan ons vandag nog baie hiervan leer...veral omdat ons al heeltemal gewoond is daaraan om te gaan fliek.
As jy nie saamstem nie, reageer asseblief daarop, sodat ons die reaksies kan publiseer.

Geagte fliekgangers en potensiële fliekgangers
Hoeveel van ons weet werklik wat verkeerd is met fliek? Ek glo nie daar is baie nie. Dis ‘n kwessie van baie gevare, maar dit kan (glo dit of nie) partykeer nogal goed wees. (Ek praat nou van die film!) Kom ons maak ‘n deeglike analise van hierdie delikate kwessie: Daar is meestal net twee dinge waarvoor ons gewaarsku word, naamlik die plek self en die film. Dit is egter twee minder belangrike gevare (!!??) en ek sal later by die groot gevare uitkom.

Pasop!! Satan het die nare gewoonte om alle slegte dinge mooi te laat lyk.

Ons beskou die plek self: Almal sê dat daar ‘n verkeerde atmosfeer heers, en dat die Satan se versoeking baie sterk is. Toegegee, maar laat ons eerlik wees; as ons toestemming gaan vra om te gaan rol- of ysskaats, dan kry ons dit. Maar by die plekke word ook popmusiek gespeel. (Nogal harder as in die fliek!) Daar is ook slegte invloede en ‘n sterk versoeking. Met ander woorde, dit is nonsens om te sê dat jy net in die teater verlei kan word. Inteendeel, ons kan orals verlei word. Die Satan se invloed is op alle plekke. By party plekke miskien sterker as by ander, maar hy’s daar!! Persoonlik beskou ek dit as nonsens om iemand fliek te verbied op grond van die slegte sfeer, terwyl ons wel toegelaat word om plekke te besoek waar die versoeking minstens so sterk is! Kom ons los dus die gebou uit, want slegs persone wat nie van beter weet nie sal bogenoemde redenasie gebruik om iemand fliek te verbied.

Die fout moet dus by die film lê. Dis reg! Die fout kan daar lê. Laat ons dus die film self van naderby beskou. Daar is twee soorte films: goeies en slegtes. ‘n Goeie film is byvoorbeeld “Funny People” . Julle vra hoekom? Wel, as ons vir “Funny People” lag, dan lag ons vir onsself. Ons is elkeen van nature hoogmoedig en beskou onsself altyd beter as ander. “Funny People” breek hierdie waanbeeld af deur te wys dat ons almal maar ons foute en gebreke het, en dat ons almal op dieselfde wyse reageer as ons in een van die situasies kom wat in hierdie film uitgebeeld word. (Volpunte vir Jamie Uys!). Daar is nog ‘n paar films wat onder “goed” klassifiseer. Ek dink byvoorbeeld aan die tradisionele skop-skiet-en-neuk-prente. Na my mening goeie vermaak, mits dit nie ons enigste vermaak is nie! Om jouself ‘n slag uit te

lag deur na sulke prente te kyk beskou ek as baie gesond, want dit laat jou lewe, jouself en jou naaste weer in die regte perspektief sien.
Ons kom nou by die slegte prente wat seker meer as 90 persent van die totale aantal films in beslag neem. Neem bietjie die koerant en gaan kyk hoeveel films het ouderdomsbeperkings. Daar is gewoonlik twee beperkings naamlik 2 tot 14 en 2 tot 18 jaar. (Babas mag blykbaar die goed sien). In sulke prente vier seks en geweld hoogty. In die 2 tot 18 beperkingsklas is daar seks en/of geweld, en in die 2 tot 14 beperkingsklas word bogenoemde gesuggereer. In beide gevalle is die film sleg. In ‘n film lyk vrye liefde so onskuldig. Pasop!! Satan het die nare gewoonte om alle slegte dinge mooi te laat lyk. Dit laat my dink aan ‘n vrot eier: buitekant lyk hy nog gaaf, maar binne-in is verrotting en verderf. Moet dus nie deur ‘n onskuldige uiterlike verlei word tot sonde teen die sewende gebod nie. Dit bring jouself en jou naaste net verdriet, maar bowenal bedroef jy jou God.

Dan is daar geweld. Ek praat nou nie van die reeds eerder genoemde skop-skiet-en-boomklim prente nie. Ek bedoel spesifiek die prente waarin mens saamgesleur word in ‘n maalstroom van onbeteuelde haat en wraak. Die prente waarin jy jouself so inleef dat jy voel asof jy een van die karakters is. Sulke prente beheer jou gemoedstoestand en dit kan verreikende gevolge hê. Na so ‘n prent dink jy by jouself: Laat iemand nou net moeilikheid soek en ek slaan hom dat sy tande by sy ore uitmasjeer en sy oë plekke omruil. Dis ‘n verkeerde instelling!! Sulke prente leer jou om in krisisoomblikke na geweld te gryp in plaas van God se Woord. Moenie probleme met geweld oplos nie. Jy vererger sake net. Los al jou probleme op met jou geloof. Sien jy nou wat is verkeerd met sulke prente? Jy vergeet van die bestaan van God, wat jou wil help in probleemsituasies, en dit is presies wat die mense wil hê: Jy moet self jou probleme oplos want daar is nie ‘n God wat dit vir jou kan en wil doen nie.

DANKIE HERE DAT EK BETER AS CSV - LEDE IS…

Sonja van der Linden

"Jesus is koning!" word elke Sondag in die kerk aan ons verkondig. "Jesus is Koning!" word elke week tydens CSV-vergaderinge voorgehou. En tog is ons neiging teenoor die CSV (Christelike Studente Vereninging) oor die algemeen negatief en veroordelend. Daarteenoor is ek al 5 jaar lid van die CSV en het ek ook dinge daar geleer. Ek wil probeer om die CSV en ons houding daarteenoor te ondersoek.

Dieselfde Jesus, maar tog…?
Die CSV glo in Jesus, maar weet nie wat hulle van Hom moet glo nie. Hulle glo in Hom as Jesus wat vir hulle die pragtige geskenk - die hemel - kom aanbied het. Hulle ken Hom as die Vriend wat Sondag saam met hulle in die kerk sit en Maandag saam met hulle dronk is. Sommiges ken Hom as "iets" wat deel is van hul kultuur, maar wat gemaklikheidshalwe net so nou en dan afgestof hoef te word en die res van die week gebêre kan word - iewers diep en ver weg. Ander gebruik Jesus as dekmantel om darem 'n ordentlike indruk op mense te maak - as jy nie lid is van die CSV nie, is jy darem 'n groot heiden! Al hierdie misopvattings is te wyte aan gebrek aan Bybelkennis of kennis van God en 'n blindheid vir God se wil met sy kinders se lewe.



As mens Christus nie reg ken en dien nie, staan jyself sentraal in jou lewe. En dit is wat by die CSV gebeur het. Hulle het Christus verloor, maar hulle dink dat hulle Hom ken. Alles in hul vermoë - uitreike, getuienisse en jeugfeeste - word gehou om nog kinders te wen vir Christus. Nooit sal jy egter hoor van God se oordeel en regverdige straf oor die mense nie, maar slegs van sy genade, liefde, goedheid en vergewing. Van daar ook hul misopvatting dat jou lewe nie hoef te verander as jy in Christus glo nie. As jy maar net besluit het dat jou hart aan Hom behoort…

Dit is egter wel 'n baie negatiewe beeld van die CSV. Daar is 'n ander kant ook.

Geloofsbelewing: Is dit Charismaties of Gereformeerd?
Daar is ook dié binne die CSV wat opregte Christene is - meer opreg en eerlik oor hulself as meeste mense wat ek ken. Alhoewel hulle nie altyd 'n korrekte siening oor dinge het nie, het ek nog maar min soveel vurigheid en liefde vir God gevind. Hul opgewondenheid oor Jesus en sy verlossing is iets wat deur ander raakgesien word. Ook is hulle geweldig ondersteunend vir mekaar as gelowiges. "Ek bid vir jou" het iemand 'n tyd gelede vir my gesê. Ek moes drie keer sluk voor ek iets kon sê - ongewoond aan so 'n situasie. En tog kan dit mens so versterk as jy weet dat dit opreg bedoel is. In hierdie opsig kan ons nog baie by die CSV leer.

Hul armoede - ons rykdom
In teenstelling met die armoede ten opsigte van kennis binne die CSV, het ons soveel geleenthede om ons kennis en insig van die van die Woord van God te verryk. Hyself skenk ons soveel uit sy getroue Vaderhand: Suiwer Evangelieverkondiging, twee keer elke Sondag, 'n Gereformeerde Laerskool; en 'n JV waar ons elke week weer mag vergader as kinders van een Vader. Maak ons dan ook ten volle gebruik van al ons Godgegewe geleenthede, of besef ons nog nie die betekenis van die teks: "Wie staan, moet oppas dat Hy nie val nie"?

Mag die Here ons daarvan bewaar dat ons ons teenoor die CSV sal verhef met die woorde van die Fariseër: "O God, ek dank u dat ek nie soos die ander mense is nie" (Luk 18 : 11). Laat ons eerder ons verantwoordelikheid teenoor God se dwalende skape opneem, onsself verloën en Christus volg.

"My seun, as jy my woorde aanneem en my gebooie by jou bewaar, sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand; ja, as jy na insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die Here verstaan en die kennis van God vind" (Spr 2 : 1-5).

Laat dit ons aanmoediging en aansporing wees in die komende halfjaar, terwyl ons steeds nederig bid: "O God, wees my, sondaar, genadig" (Luk 18 : 13).

DIE LETTER VAN DIE WET IN DIE MOSLEM SE LEWE

Corine Moes

Die koms van die Moslems na Suid-Afrika het ten nouste saamgehang met die koms van die slawe. Na 1657 is slawe uit die Ooste, veral Maleisië, ingevoer. Onder hulle was Moslemse godsdiensleiers wat deur die ander slawe as leiers aanvaar is en so het die Islam begin groei. Die Indiër-Moslems het aan die einde van die vorige eeu en aan die begin van hierdie eeu na Suid-Afrika gekom.

Moslems noem die Evangelie die **indjil**. Maar vir hulle is die Evangelie maar net ‘n boek wat aan Jesus (wat as profeet gesien word) gegee is, en wat verlore geraak het. Soms wonder ‘n mens waar hulle *indjil* dan vandaan kom. Die verrassende is dat baie verhale wat in die Bybel voorkom, ook in hulle **Koran** voorkom. Maar in Mohammed se tyd is baie van die apokriewe boeke gevind wat ons verwerp het as gevolg van twyfelagtige oorsprong, wat in die Koran opgeneem is.

Moslems sê dat hulle nie volgelinge van Mohammed is nie. Hy was slegs ‘n profeet wat die Koran ontvang het. Hulle volg **Allah** (God). ‘n Moslem is iemand wat hom aan God oorgegee het. Vir ‘n Moslem is die algehele oorgawe aan God die weg tot saligheid. Die gewoontes van die Moslem word streng deur die Koran voorgeskryf. Dit is in teenstelling met ons wat vry is onder die wet. Vir die Christen is dit die reël van dankbaarheid, omdat hy reeds in Christus uit genade gered is.

Die Koran praat met die hoogste agting van Jesus. Daar word nie veel gelet op wat Hy verkondig het nie, hulle gaan van die veronderstelling uit dat dit ooreenstem met die verkondiging van die Islam. Hulle verwerp die Seunskap en Godheid van Christus, asook die leer aangaande die Drie-eenheid van God. Jesus is volgens die Moslems, nie die Gesalfde van God wat vir ons sondes gekruisig is nie.

Die Moslemse *salaat*
Die Moslem moet vyf maal per dag tuis of in die moskee sy gebede doen. Ons hoor gereeld hoe die *muazzin* (koster) die Moslems tot gebed roep. Die Moslem doen sy *salaat* in Arabies en elke beweging en liggaamshouding is presies voorgeskryf. Voorbidding of vrye gebed is vreemd vir die Moslem omdat hul gebede voorgeskrewe is. Die Onse Vader-gebed is wel bekend aan die Moslems, maar hulle besef nie wat dit inhou nie. In dié gebed word die eer van God voorop gestel en daarna volg die behoeftes van die mens.

Die gewoontes van die Moslem word streng deur die Koran voorgeskryf. Dit is in teenstelling met ons wat vry is onder die wet.

Sondebegrip
Die Moslem verstaan nie maklik die Bybelse sondebegrip nie, omdat dit totaal van die Moslems se sondebegrip verskil. Vir hulle is sonde net ‘n afwyking van die goeie weg. Die mens moet net so gou as moontlik sy dwaalweg laat vaar en terugkeer na die goeie weg. Die Bybel leer anders. Ons is almal sondaars en ons moet almal van sonde verlos word.

Ghusl* en *wudu
Die Moslems ken twee soorte seremoniële onreinhede. Daar is die groter onreinheid, bv. die aanraking van ‘n dooie. Dan vereis die Islam dat so iemand ‘n *ghusl*, ‘n totale bad, moet neem voor gebede gedoen word. Die gewone of kleiner onreinheid, bv. nadat jy geslaap het, benodig net ‘n kleiner wassing, *wudu*, voor die persoon sy gebed kan doen. Ons glo sonde maak ons totaal onrein. Ons moet van hierdie onreinheid gewas word deur die bloed van Christus. Die groot reiniging noem die Bybel *verlossing, redding, wedergeboorte, vernuwing*. Die kleiner, daaglikse reiniging noem die Bybel *heiligmaking*.

In Jesus leer ons die liefde en groot verlossingsplan van God ken. Sonder die verlossing in die Here Jesus, maak die skepping en die sondeval en die hele bitter geskiedenis van die mensheid geen sin nie. Dit is eers as ons die plan van God verstaan, dat alles vir ons begin sin maak. Nou weet ons dat dit God se wil, God se plan is om aan ons die ewige lewe te gee. Daarom is Jesus meer as ‘n profeet. Hy is die openbaring van die verlossingsplan van God. In Hom word die Woord van God vlees, word die verlossingsplan van God ‘n daad.

Voel jy ook so!

LEWENSKEUSE

Iemke Buenk

Dis een van die heel belangrikste periodes in jou lewe. Daar gebeur baie. Jy ontmoet mense en dink met wie jy verder die lewe wil aanpak. Dit kan elke dag opnuut spannend wees wie jy as lewensmaat kies. Verliefdheid is 'n gevoel waardeur jy weet jy leef. Dit deurstraal elke dag. Jy kan die persoon enige plek raakloop? Of nie, en dan is dit minder oulik.

Dit klink miskien swaar, maar ons moet antwoord gee op die redding wat God ons aanbied. God het ons die lewe gegee en wil daarin ook goeie leiding gee. Daarom moet ons elke dag bid vir wysheid. Eers jou "ja" vir God en dan vir jou kêrel / meisie. Dit voorkom dat jy baie verhoudings het voordat jy die regte keuse maak met wie jy werklik verder wil gaan. Ons bely dat God 'n lewensmaat aan ons verbind, asof met Sy eie hand. Tog is daar baie huwelike wat nie uitwerk nie, dan kom die vrae by mense op: "Het God dit dan nie so bedoel nie? Was die troue 'n fout?"

Almal weet as jy 'n verhouding begin met iemand wat God nie "ken" nie, ontbreek die belangrikste. Die verhouding word al hoe hegter en om dan na 'n lang periode terug te draai is baie moeilik. Dan kom jy voor die wesenlike keuse om vir God of jou vriend te kies.

Gaan dit dan altyd goed met 'n verhouding binne die kerk? Nee, daar kan ook op geestelike vlak verskille wees wat die verhouding verbreek. Die persone dink meestal dat altwee aan die kerk behoort en seker dieselfde oor die geloof moet dink, maar daarvoor moet ons oppas - daar moet in die verhouding aan gewerk word dat mens onderlinge gesprekke voer wat dan sorg vir geestelike groei na mekaar. Jy deel mekaar se geloofsoortuigings waardeur albei sterker kan staan.

Om binne die kerk te trou is dus nie 'n waarborg vir 'n gelukkige huwelik nie. Om saam Christus te ken is die belangrikste grond waarop jy 'n huwelik kan begin, maar dan moet jy wel wil dien. As jy nie met mekaar daaroor praat nie dan is dit 'n waagstuk om in 'n huwelik te tree. Ons kan nie net aanvaar dat 'n verhouding sommer goed is nie. Daar's baie keer 'n groot verskil hoe meisies en ouens die geloof beleef, gesamentlike Bybelstudie en gebede hoort by 'n goeie verhouding. SAAM moet geleer word om die geestelike wapenrusting te dra.

Nie almal sal 'n lewe hê wat bestaan uit 'n intieme gesamentlikheid van 'n lewensmaat nie, maar dit beteken nie dat jy alleen deur die lewe hoef te gaan nie. Jy kan goeie vriende hê met wie jy 'n band deur die jare opgebou het, waardeur jy 'n gelukkige lewe lei. Daar's wel baie keer 'n geestelike worsteling. Die Skepper het die verlange na 'n lewensmaat ingebou. Ander mense kan jou bystaan, maar ten slotte moet jy self met jou eie gedagtes en gevoelens daardeur gaan. Die persone moet net nie begin dink dat hulle "oorskiet" is nie. So 'n negatiewe gedagte mag jy sien as een van die verleidings van die duiwel. As jy so begin dink dan kan jy ook soms snaaks optree soos byvoorbeeld om jouself terug te trek, waardeur jy nog meer alleen raak, of jy gaan juis die teenoorgestelde kant op, waar jy uitgaan om iemand te kry op vryersvoete loop. Jy kan die situasie in die Lig van God's leiding sien. Ons mag met God ons diepste verlangens bespreek. Bid is dan miskien vir jou 'n diepere aktiwiteit as vir iemand wat alreeds sy lewensmaat ontmoet het. Jy het daardeur 'n sterkere verwagting van God's hulp. Dan moet daar wel met oop oe gebid word, want jy kan so vol wees met jou eie gemis dat jy vergeet wat God wil gee -Visie en Aanmoediging.

Begin ook om jou seksuele gevoelens op die juiste plek te plaas. Ons mag dan bly wees dat ons die Bybel ken waarin ons kan lees wat reg en verkeerd is en om wysheid aan die dag te lê. Om toe te gee - jy moet teen die asem van die tyd en die stem van jou liggaam ingaan en die een dag is dit makliker as die volgende dag. Dit is die moeite werd om daarteen te stry sodat jy die vrede met God sal behou. Die boodskap wat in Filippense 4: 6 - 9 staan is baie belangrik.

"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees."

Bron: Je mag er zijn, Inge de Visser - Oostdijk

MY MASKER, MY SKUILING

Henk Bijker

Het u al ooit gesien hoe snaaks dit is dat ons ons lewe agter ‘n plastiek gesig wegkruip en ons lewe masker? Ons sien ander mense dit doen, maar laat ons eerlik wees, ons is almal skuldig daaraan om ons probleme weg te steek, nie vir ander nie maar ook vir onsself… huweliksprobleme, ouer - kind probleme, en probleme met onsself wat ons nie kan oorkom nie.

“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” (Mat. 11:28)

Wat nog snaakser is, is die plek waar ons soek vir antwoorde. Sommige sal professionele hulp gaan soek van mense met titels, wat baie keer soortgelyke probleme wegsteek. Ander sal probeer om ‘n oplossing te ‘koop’ met presente of beloftes, sonder om na die hart of die oorsaak van die probleem te kom. Sommige sal ook na godsdiens toe draai, en dink goeie werke sal dit wel regmaak. Dis maskers wat ‘n effek het, maar nie ‘n oplossing nie.

Is dit nie snaaks dat Jesus Christus die aanbod gemaak het: "*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee*." (Matt. 11:28). Maar van ons weier om na Hom te gaan vir oplossings vir ons probleme. Let op, Hy sê " Kom na MY toe", nie na eie geloof nie.

Is dit nie snaaks dat die oorsaak van ons probleme – sonde – betaal was met Jesus Christus se sterwe aan die kruis, en dat God die Vader tevrede is met die betaling (Jes 53:11) – en ons nie? Dink aan dit, is ons regtig tevrede (dankbaar) met God se aanbod van vergiffenis (Rom. 10:13)? Is dit nie snaaks dat ons aanhou sondig, want dit is die regte probleem – sonde van trots.

CHRISTUS SE KERK IN AFRIKA

Marieke de Wit en Andréas Boon

Ons, d.i. Ds. Haak, Andreas en Marieke het onlangs die voorreg gehad om Zimbabwe te besoek. Dit was 'n rit wat nie een van ons sal vergeet nie. Ds. Haak wou nog graag voordat hy sou terugkeer na Nederland, 'n oud student en predikant in Gweru besoek. Ds. Juma het by die IRTT (Institute of Reformed Theological Training) gestudeer. Die doel van die kursus is om leidingewende persone in buitelandse kerke toe te rus om beter te funksioneer in verhouding met hulle omgewing. M.a.w. dat hulle hul omstandighede sodanig kan hanteer dat dit geen bedreiging nie maar 'n uitdaging en versterking vir die kerk word. (II Kor 10:5).

Ongeveer 6 uur dié Maandag-oggend is ons weg uit Pretoria. Dit is nog donker en koud, maar die son het al vinnig sy eerste warmer strale oor die blou Ford Laser en 3 insittendes gewerp. Ons geniet van die landskappe in die Noord-Transvaal, die pas deur pragtige Soutpansberge en so teen 11 uur kom ons by die grenspos, Beitbrug. Aan die Suid-Afrikaanse kant gaan alles vlot, by die Zimbabwe-kant is dit bietjie meer tydsaam. Iets wat ons dadelik opval is die vriendelikheid van die mense daar, iets wat ons hier nie so ken nie. Oral by die grens is jong seuns wat jou wil help met die invul van vorms teen 'n klein footjie. Om 'n grens oor te steek is natuurlik "stresvol", maar Ds. Haak sorg vir die nodige afleiding, 'n "mopje" met 'n grensbeamte hier en 'n geselsie daar.

Na die grens is daar omtrent nog 500 km oor. Ons stop 'n paar keer, by Bubi Bridge en later by "African crafts" langs die pad. Pragtige hout en klipwerk wat die bewoners van Zimbabwe vir 'n inkome probeer verkoop. Nadat ons 'n uur gesels het met die mense, ry ons verder deur Masvingo en Mvuma. Dit was al 7 uur toe ons die hotel bereik het waar Ds. Juma al vanaf 4 uur vir ons wag. Ons kon sien dat die twee dominees se vreugde om mekaar weer te sien groot was. Ook ons was bly om mede-Christene, die dominee se vrou en kinders en ander gemeentelede, te ontmoet. Dit is moeilik om hierdie ervaring met woorde te beskryf asook die familie wat meerstemmig vir ons sing, om saam te kon lees uit die Bybel en die gasvryheid waarmee ons ontvang is. Die pastorie waar na toe ons gery het is langs die kerk gebou. Binne die pastorie hang aandenkings uit Nederland en ander lande waar Ds. Juma reeds besoeke gebring het. Iewers hang 'n doek waarop staan: "Jesus is the head of this house." 'n Mens voel dadelik 100% tuis hier. Ds. Juma wys die kerk vir ons en vertel meer oor die kerkverband waarin hulle funksioneer. Hiervan wil ons graag iets weergee…

Die kerke word die Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) genoem. Die kerke het oorspronklik in Malawi ontstaan, waar sendelinge uit die ou gereformeerde kerke (waarskynlik hedendaagse Hervormde Kerke) begin het met sendingwerk. Ds. Juma kom oorspronklik uit Malawi. Deur die loop van jare is ander presbeteriaanse kerke ook in die kerkverband opgeneem, daarom word die woord Presbyterian in die CCAP bygevoeg. Die agtergrond van die kerke is in feite gereformeerd en Ds. Juma ken ook die H.K. goed. Volgens hom is die kerk waarin hy predik die "reformed" CCAP. Dit is sy opinie. Hulle is lid van die Reformed Ecumenical Council (REC) wat van tyd tot tyd in Harare vergader. Ds. Juma spreek sy kommer oor die REC uit, maar omdat dit waarskynklik nog die enigste bron van finansiele steun is, kan lidmaatskap nie sommer net beeindig word nie. Die Nederduits Gereformeerde kerke in S.A. gee ook finansiele steun aan die CCAP. Huidiglik is daar geen sendelinge meer betrokke nie, en moet die kerke in Zimbabwe sonder steun verder gaan. Dit is moeilik om te bepaal watter steun daar nodig is.

Nadat ons 'n rukkie in die kerk gesels het ry ons na die huis van 'n gemeentelid waar ons om 9 uur nog 'n heerlike warm maaltyd geniet. Die twee jeugdiges besluit om 'n bietjie te gaan slaap en Ds. Haak praat nog met die gemeentelede en Ds. Juma. Ook in Afrika is probleme op allerhande gebiede:
Magie, oppervlakkigheid, bygeloof, verering van voorouers, ou gewoontes, stamkeuse i.p.v. Christenkeuse.

Maar ook meer moderne probleme: TV-gebruik, ook die omgang van ouens en meisies, respek vir ouers, die probleme in die jeug, die Islam, owerheid en skole, werk, geldbesteding, huwelike waar een van twee glo en die ander nie. Die mense het die waarheid ingedrink soos water op warm sand. Hulle dominee het dieselfde voorgehou as wat Ds. Haak vertel, maar die probleem dat kerk mense nie luister na die Woord van die Here is orals, dat Christene nie doen wat die Here vra.

Hierdie kerke is in nood en benodig teologiese ondersteuning. Dit was o.a. die doel van die besoek, om te ondersoek wat daar aangaan, wie betrokke is en wat nog gedoen kan word.

Om 12 uur word ons wakker gemaak. Ons moet weer terug Pretoria toe. Dit was 'n dag waar ons meer in die kar was as daarbuite, maar die gesprekke, die omgewing en die wete dat Christus sy Kerk ook in Afrika vergader het hiervoor opgemaak. Ons het doodmoeg Dinsdag-oggend weer in Pretoria aangekom.

Hiermee moedig ons alle avontuurlustiges aan om gerus besoeke te bring aan mede-christene in Afrika. Hierdie mense waardeer dit ontsettend baie om ondersteuning van mede-gelowiges te kry. Die Kerk van Christus strek wyer as Suid-Afrika en Nederland se grense.

Andreas en Marieke in samewerking met Ds. Haak.
(Ds. Haak was in Suid-Afrika op sendingsbesoek. Hy is 'n dosent in missiologie en godsdienswetenskappe by die Teologiese universiteit in Kampen en is ook betrokke by die IRTT.)

Aan die voet van die Magaliesberg

INTERESSANTE ERVARINGE IN ISRAEL

Gerrit Zielman

Agter ons lê die middelandse see en onder ons die buite wyke van Tel Aviv. Stadig nader die vliegtuig die dal van Ajalon…
Vandag is dit Israel se internasionale lughawe, Ben Gurion. Buite is dit 35C en die humuditeit is hoog. By die doeane staan al 'n lang tou wagtende mense. Na 'n taai ondervraging oor my bagasie en besittings, het hulle my uiteindelik deurgelaat. Ja, sekuriteit is hier prioriteit no 1. Na 'n rit van 'n uur met 'n taxi (die bestuurder wat nie 'n woord Engels kan praat nie), kom ek uit eindelik by my bestemming aan, waar ek vir drie maande sal bly en werk.

Sabbath

Hierdie Joodse tradisie het nog nie baie verander nie. Vrydag aand met sonsondergang begin die sabbath. Die presiese tyd wanneer die Sabbath begin en eindig, is in die koerante beskikbaar. Winkels sluit om 13:00 en na 18:00 is slegs die restaurante nog oop. Saterdag aand, wanneer die eerste ster duidelik sigbaar is, eindig die Sabbath. Om half nege gaan die meeste winkels weer oop en bly oop tot elf uur saans. Sondag is die begin van hulle werksweek. Alle ander Joodse vakansie dae geskied op dieselfde prinsipe.



Militêre diensplig

Omdat in Israel oorlog voering redelik gewild is, is daar militere diensplig . Manne moet drie jaar en vroue twee jaar diensplig doen. Konflik bestaan nog met die Palestyne asook met Libanon. ‘n Paar jaar gelede is Betlehem nog deur die palestyne in beslag geneem Israel besit egter nog ‘n klein gedeelte daarvan, nl die graf van Ragel, war 24 uur bewaak word deur Israeliese soldate. Mense in militêre uniform en geweer (van R-4 formaat) oor hulle skouer is ‘n algemene gesig. As buitelander merk ‘n mens verder niks anders op wat oorlogs verwant is, behalwe vir ‘n paar militêre helikopters wat hulle rondte doen.

Jerusalem

Jerusalem is een van die bekendste stede ter wêreld. Hierdie stad het sentimentele waarde vir Christene sowel as Moslems. Vroeër was hier was die tempel van die volk Israel gewees. Dit was verwoes in die tyd van ballingskap. Later is die tempel weer opgebou deur Salomo. Ongeveer 700 NC is dit verwoes deur moslems. Vandag staan daar ‘n groot moskee met ‘n goue koepel. Jerusalem word dan ook hierdeur gekenmerk. In die middel van die moskee is daar ‘n rots, met groot historiese waarde. Dit is die rots waar Abraham Isak moes offer. Die moslems glo dat dit die heilige rots van Allah is. Buite die tempel en tempel plein staan die beroemde klaagmuur. Ortodokse jode besoek hierdie muur daagliks om te bid. Hulle sal nooit aan die anderkant van die muur kom nie, omdat daar eers die tempel was. Vandag is die presiese plek nie meer bekend waar die allerheiligste was nie. Dit kan dus dalk gebeur dat hulle in die allerheiligste kom, wat dood en dood sonde sal wees. Daarom bly hulle buite die grense van die tempel plein en bid by die klaagmuur.

Na ‘n stewige klim deur de nou strate van die ou stad Jerusalem, bereik ons Golgotha. Teenwoordig staan daar ‘n kerk gebou wat jaarliks deur duisende toeriste besoek word. Orals is afbeeldinge sigbaar wat die lydenstyd van Jesus uitbeeld. Op die eerste verdieping (gallery) word die kruisiging van Jesus afgebeeld, die plek waar eens die werklike kruis van ons verlosser gestaan het. Aan die ander kant van die kerk kan die graf besigtig word. Dit is ‘n namaaksel van die graf, wat deur Ortodokse Grieke daar geplaas is. Alhoewel die kerk onsettend groot is, is daar maar min sitplekke. Die hoofdoel is toerisme.

Holocaust - Yad Vachem

In die tweede wêreld oorlog is ongeveer 6 miljoen Jode vermoor. Dit is meer as wat teenwoordig in die land woon. In Jerusalem is daar ‘n opelug museum Yad Vachem, wat beteken “remembering the victims”. Dit word nou nog daagliks deur honderde Jode, asook toeriste besoek. Vandag is die gebeure van die tweede wêreld oorlog nog steeds ‘n uiters sensitiewe saak vir die bevolking, en ‘n mens moet uiters versigtig wees wat jy hieroor sê of doen. Vir mense met ‘n Duitse nationaliteit, en wat gebore is voor 1928, is dit uiters moeilik om Israel binne te kom. Een van ons Indiese kollega’s het ‘n keer ‘n leêr aangemaak met die naam ss. Alhoewel dit onbewus gedoen is, het dit die mense hier baie omgekrap.



Israel is ‘n land vol van bybelse historie, emosies en veelsydige natuurskoon. As daar ‘n geleentheid is, is dit definitief die moeite werd om Israel te besoek.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak''
Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Hallo al julle nuuskierige mense!
Saterdag 1 Augustus was dit die aand vir die Chinese ete. Die jeug het dit baie geniet saam met die twee Chinese nl. Corrien en Sandra. Die opkoms was GROOT en so ook die gees. Ek moet sê, die moderne Chinees se kos het ook nie regtig verander nie. Dankie al julle moderne Chinese en ons twee gaste (Corrien en Sandra) vir ‘n geslaagde aand.

Op dié aand het ‘n nuweling haar verskyning daar gemaak. Hulle noem haar Regina of beter “Pizza”. Gou was die manne daar om haar geselskap te hou. Sy het blykbaar gesê dat Johan Snyman haar privaat Taxi-drywer is.

Soos twee getroue studente betaam, het Johan en Erik oordeelkundig klas gebank om saam met twee mooi meisies, een uit Holland (Regina) en uit die VGK Pretoria (Tineke)
Goudini Spa se warm water te gaan opsoek. Dit lyk asof Erik in sy teologiese kursus ook nog praktiese klasse het van saans laat tot soggens vroeg. Dit bevorder blykbaar sy menseverhoudings en sy worsbraaikuns. Watter gemeente sal nie so ‘n dominee beny nie?

Verder was daar ‘n geslaagde VGK wêreld sokkertoernooi op die 10e Augustus. Floris was een van die groot VGK-sterre, deur met sy velskoene die oposisie aan te durf.
In ‘n onderhoud na die finaal het Floris gemeen dat die Pretorianers klippe gaan kou teen die Gedugte Kaapse velskoen span.

DIE WYNTOER
Riaan het die VGK-ers uitgelei na groener weivelde tydens die wyntoer. Die eerste stop was Vlottenburg, maar omdat nie almal saam daar in kon kom nie, moes 'n deel maar na Eersterivier-kelder gaan. Ons is egter gou weer herenig toe ons by Koelenhof die plek op horings geneem het. Ons laaste en lekkerste stop was Fairview waar daar sowel kaas as wyn was.

Na die wyntoer was die Spur op die agenda; hier het die koeldrank vrylik gevloei. Ons groot wynkenner, Floris, kon weens werksdruk nie die toer bywoon nie. Maar Erik Raimond het hom vervang en sy wynkolleksie is behoorlik aangevul.

Aan almal wat die afgelope tyd verjaar het, baie geluk. God se rykste seën vir julle toegewens.

Groetnis
Jou nuuskierige sleutelgatloerder

ONDERHOUD

Ons het in hierdie maand se Rehobot-afdeling 'n onderhoud met Dirk gevoer om uit te vind hoe hy sy tyd in die Kaap gevind het. Ons het ‘n aantal vrae aan hom gestel wat hy dan hier onder beantwoord het.

1. Wat was vir jou die snaakste oomblik(ke) van jou tyd in die Kaap?
Van die snaakste tye was dié op die grasperk by die biblioteek van die universiteit. Maar snaakser nog die tye IN die bib. Gelukkig het ons oor die algemeen redelik apart gesit van ander studente, so hulle kon moeilik hoor as ons die plek afbreek. Al ooit geweet hoekom is universiteits bib-tannies se oë so groot? Omdat hulle soms moes verdra dat ons ons "toobees" (toebroodjies) in die biblioteek geëet het.
Ook die safari ete waar ons soos die "N" moes aantrek. Veral die ongelooflike wysheid wat daar uit die gesprekke tussen die "Ninjas" en die "Nerds" plaasgevind het. Ek wag nog vir die vertaalde uitgawe.
Kon Ewart al uitvind wat die omtrek an die aardbol is?

2. Wie in die Kaap het jou die meeste laat lag en hoekom?

Maarten Raimond. Ongelooflike verbeelding. As hy nie mooi kyk nie, gaan hy op die volgende staptoer my en Sonja se pannekoeke ompraat in wortelkoeke. Dit sal wel smaaklik wees, sorg net dat hy saamgaan op die volgende staptoer!!

3. Hoe het jy jou tyd in die Kaapse redaksie gevind saam met die drie dames en die een manspersoon?
Baie stimulerend en lekker.
Dit sou natuurlik lekkerder gewees het as Mirjam en Christine nie mekaar so gedurig in die hare gevlieg het nie. Ek hoop hulle het nog hare, anders; hou maar net die blink kant bo…
Ons moes wel altyd keer dat Erik se scherpe neus nie daartussen kom nie, gelukkig is Maartje nie een van die swakste dames nie, dus orde was nooit ‘n probleem nie.
Nee, ons het goeie vergaderings gehad waarvoor ons dankbaar mag wees. Ons kon baie bymekaar leer en het baie vir mekaar beteken. Baie sterkte vorentoe met al die vergaderings, ook vir Margreet!

4. Wat het jou laat besluit om 'n Kaapse meisie te kry en die Transvalers maar te laat staan?
Op die ou end het dit nie gegaan oor wat beter is as die ander nie: Kaap of Transvaal. Dit is nou maar net so: daar is gewoon geen beter en liewer meisie as Sonja nie. Dit was ook nie die bedoeling toe ek Kaap toe gegaan het, om ‘n meisie daar te kry nie. Maar toe ek weer my oë uitvee … het ek besef dat ek nie weer my oë sal hoef uit te vee nie.



5. Wat was vir jou die kenmerk van die Kaapse JS (en van besondere persone in die JS)?
Georganiseerde chaos… As mens dit met ‘n kar vergelyk: ongelooflik baie ratte.
Sommige goed word met die spoed van wit lig gedoen, ander goed vat hele halwe jare. Dit is nou wel bietjie van ‘n oordrewe joke hoor!
Soms was Erik Raimond se gesig permanent vertrek soos iemand wat spelde in hooiberge soek. Ja as mens werk en studeer kan dinge nogal rof raak. Gelukkig het hy ‘n selfoon gehad waar mens hom orals kan bereik.
En dis seker een ding wat mens in enige JS het: Mens kan dadelik agterkom wanneer iemand in die JS luduvudu het. Veral met Diana en Marco. Maar dat word wel beter hoor!
Nee wat, dit was ‘n lekker groep om mee saam te werk.

6. Wat was vir jou die kenmerk van die Kaapse jeug (en van besondere persone)?
Dis jongmense wat baie na mekaar omsien wat geloof aanbetref. Dit is iets wat ek veral by mense soos Jopie, Erik Raimond, Erik van Alten, Maaike, Riaan geleer het. Eintlik kan ek maar meeste van die jeug se name neerskryf. Mens mag die Here in die EERSTE plek dankbaar wees daarvoor. Dis Hy wat hierdie gawe aan ons gee. En ek wil almal aanspoor om mekaar in die gemeenskap van die heiliges te ontvang en te aanvaar in die geloof soos wat elkeen is. Maar jaag altyd daarna om OPREGTE gelowige kinders van Christus te wees – daar is gewoon niks so waardevol as dit nie!!

Maranata

DIE *P*-ETE

Pst... In **P**retoria het die Maranatha-jeug **p**ersoonlik **p**ret-en-**p**lesier belewe met die **p**rojek:" **p**-ete (safari)." Die **p**rys **p**er kop was **p**aslik om **p**ermissie tot die **p**rivate **p**erseel te verkry. **P**retoria motorwagte het 'n **p**ragtige **p**rojek ge**p**ro**p**ageer op hul **p**amflet om die **p**arkeerplek te **p**atroleer om **p**lunderaars wat **p**la te **p**ersekuteer volgens **p**rosedure. Die kaa**p**se **p**riester het met sy **p**regnant **p**arty-**p**êl **p**ositief die **p**rojek aangegry**p**. (Die **p**enarie van die ander **p**regnant meisie **p**la my tog)... Ander "**p**aartjies" en "**p**arty **p**oo**p**ers" het hulself **p**oegaai gewag vir **p**otensiële, **p**rikkelende **p**om-**p**om **p**euseltjies.... **P**er **p**lan neem die **p**laaslike **p**resident met sy **p**ersoonlike, **p**arate **p**'troepe hul **p**lek in, gevolg deur **p**raktiese ervare **p**aramedics.
Passend het die **p**unks hul by die **p**ittige **p**re-drankie ge**p**osisioneer. Onderwyl het die **p**osbode ons **p**er **p**os verwittig dat die s**p**rokie karakters **p**ig & **p**i**pp**ie-langkous ook die **p**ret en **p**lesier gaan bywoon en o**p**-**p**ad is. Toe die **p**orkie o**p**daag, het ons **p**er **p**ad **p**assievol en **p**etrolloos gestap en **p**lek-**p**lek geket. (Tot die **p**addastoele het ge**p**eusel aan hul **p**orsie!)
Padlangs het die **p**ainter 'n **p**lan **p**robeer **p**roduseer om **p**ermissie van die **p**laasboer te kry om sy **p**lafon te **p**aint, en die ou **p**oorboy het **p**robeer om 'n **p**ond of **p**ennie **p**asella te kry. Die hele **p**etalje van **p**ret en **p**lesier is darem in **p**ers**p**ektief ge**p**laas in 'n **p**lakalbum van **p**retoria se eie **p**otensiële **p**hotographer.

Dankie :**P**etrus, die Rots - Dit was lekker!

DIE KENMERK VAN DIE WAARHEID

Omani

Wat is, dit was
wat was
was daar gewees,
voor is of was
of was gewees daar was

Wat daar is
en wat daar was
sal wees
wat waar daar is
en wat was
is altyd daar gewees-
God is.

VERJAARSDAE

Pretoria	
Sjaak Hagg	12 September
Herman Van der Linden	13 September
Sonja Van der Veen	19 September
Francien Van Houwelingen	29 September
Rinus Kamphuis	5 Oktober
Tineke De Vries	15 Oktober
Kaapstad	
Philip Scheltens	26 Oktober
Stefan van Dalen	30 Oktober
Maranatha	
Reinier Raimond	15 September
Mirjam se Vries	16 September
Gerda van Dyk	18 September
Hein Smit	23 September
Reinier vd Bout	27 September
Arnold Eilers	7 Oktober
Annemarie de Vente	12 Oktober
Yolanda Sterk	17 Oktober
Hannes Bosman	26 Oktober
Ronel de Vente	8 November
Albert Bouwmeester	11 November

JUDAS

Omani

Die rykste weelde wankel
van trouelose verraad
soos slimme duister dartel
en ‘n lewensdroom van skaad
kranksinnig … Raaiselagtig
versteur die sfinks my rus!
komplot van een teen ander-
beseël met Judaskus

Silhoeët in duister wonde,
verweef met pyn van dae
misterie – storm die sonde
ondeurgrondelik die vrae
Hartseer is die heerser
en Judas is sy maat.
Die raaisel van die lewe bly
maar steeds die fiere haat!

Maar daar is soveel meer aan die lewe
as net ‘n enkel horison
Daar is soveel meer aan die lewe
as die een hoogsomerson!
Daar’s robyne en smaragte
van medemenslikheid-
Die edelheid van liefde
wat uit elkeen van ons spruit.

Die spieël verberg die wonde,
van Judas en sy sonde
Die wraak, die wreedheid
wat binne-in ons woel
Maar die spieël verskerf in stukke
met ysig – koue rukke,
En die skerwe bring die leed,
As ek van my eie Judas weet!